

AG VADERTJIE TOG, kyk net die baard! Mev. Rina van Zyl was skoon verstom oor die boskasie hare van haar man wat gister na veertien maande in Antarktika weer teruggekeer het. Ook hul negejarige dogter, Ina, het met ontsag haar vader se baard van alle kant beskou, want sy wou maar net nie glo dat dit eg is nie. Met hierdie pragtige baard het mnr. Van Zyl die beker gewen vir die beste baard van al die ysmanne.

# SUIDPOOLMANNE HARIG TERUG UIT KOUE

VEERTIEN lede van Suid-Afrika se negende Suidpool-ekspedisie het gisteroggend na 'n verblyf van veertien maande in Antarktika aan boord die R.S.A. in die Tafelbaaise hawe teruggekeer.

**En aan hartroerende tonele by die manne se aankoms het dit nie ontbreek nie. Eenkant het 'n klein dogtertjie skielik uitgeroep: „Daar is my pappie, daar is my pappie." Dit het soos 'n klimaks gekom vir die omstanders wat al douvoordag op die kaai vir die manne gewag het. En in die besef dat die kleinding haar vader maande laas gesien het, kon menigeen met moeite sy trane bedwing.**

Dat die manne se weelderige bos hare—in sommige gevalle het dit tot op hul skouers gehang—die wagtendes beïndruk het, was al te duidelik. Sommige kon hul lag nie hou nie, maar 'n dametjie was vir 'n oomblik sprakeloos toe sy die boskasie hare van haar verloofde opmerk. Sy het net haar hand van verbasing om haar mond geslaan. Na 'n rukkie het dit byna huilend uitgekom: „O, my skat, kyk jou hare!" Nadat sy van haar skrik bekom het, moes sy al haar moed bymekaar skraap om haar aanstaande 'n soen te gee—onder groot gelag natuurlik van die ander.

Net twee van die teruggekeerde spanlede is getroud. Hulle is mnre. Willem van Zyl, van Pretoria, en Bryan Meyer, van Pinetown.

### BAARDMAN

Hul vrouens en kinders was van die eerstes op die kaai om manlief in te wag.

Mev. Van Zyl kon eers nie glo dat die baardman haar eie man is nie. Bra huiwerig het sy dan ook aan die baard gevoel of dit wel eg is. Maar alle twyfel was gou uit die weg geruim toe haar man boonop vertel dat hy 'n beker gewen het vir die beste baard van al die manne.


Mnr. Danie Joubert, leier van die span, vertel dat hulle 'n baie suksesvolle ekspedisie agter die rug het. Twee van die manne, mnre. Anton Aucamp en Clive Spencer, het vir nog 'n jaar in Antarktika agtergebly. Dertien van die sestien spanlede het 'n reis na die berge onderneem — die meeste tot dusver.

Nog 'n rekord wat sy span opgestel het, is dat mnre. Brian Watters en Dawie Smith 105 dae met 'n hondespan in die berge deurgebring het.

Saam met ons manne wat gister teruggekeer het, was ook 'n klompie Belge wat navorsingwerk in die suide gedoen het.



*BO: Die man met die mooiste baard onder die lede van die Suid-Afrikaanse Suidpoolspan wat Saterdag in Kaapstad teruggekeer het, was die marconis, mnr. Willem van Zyl. Hier staan hy by sy vrou en twee kinders, Pieter en Ina, wat hom op die R.S.A. kom verwelkom het. Hulle hou die werpsel mollige sleehondjies vas wat kort voor die R.S.A. se vertrek by Sanae gebore is. Die kwarantynstasie in die Tafelbaaise hawe het geweier om die honde te huisves omdat hulle „te vernielsugtig is". Die kleintjies het in die naweek baie gou base gekry, maar vir die grotes wat saamgekom het, moes gister haastig plek in die Skiereiland gesoek word.*



# Radioman wen baard-beker

MNR. WILLEM VAN ZYL, (foto bo), radio-operateur van die negende Antarktiese ekspedisie, het Die Nataller se baardkompetisie gewen. Die Nataller-beker is aan boord die R.S.A. deur dr. T. van Autenboer, leier van die Belgiese span, aan hom oorhandig nadat hy eenparig aangewys is as die man met die weligste bos baard.

Daar word elke jaar geesdriftig meegeding om hierdie beker, maar vanjaar was mnr. Van Zyl glo uit die staanspoor voor.

# Harig Terug Uit Die Koue

**VEERTIEN lede van Suid-Afrika se negende Suidpoolekspedisie het gisteroggend ná 'n verblyf van 14 maande in Antarktika aan boord van die R.S.A. na Kaapstad teruggekeer.**

Aan hartroerende tonele by die manne se aankoms het dit nie ontbreek nie. Eenkant het 'n klein dogtertjie skielik uitgeroep: „Daar is my pappie, daar is my pappie." Dit het soos 'n klimaks gekom vir die omstanders wat al van douvoordag af op die kaai gewag het. In die besef dat die kleinding haar vader maande laas gesien het, kon menigeen met moeite die trane bedwing.

Dat die manne se weelderige hare — in sommige gevalle het dit tot op hul skouers gehang — die wagtendes beïndruk het, was alte duidelik. Sommige kon hul lag nie inhou nie, maar een meisie was vir 'n oomblik sprakeloos toe sy die boskasie van haar verloofde gesien het. Sy het net haar hand van verbasing oor haar mond geslaan en na 'n rukkie het dit byna huilend uitgekom:

## ‚Jou Hare'

„O, my skat, kyk jou hare!" Nadat sy van haar skrik herstel het, moes sy al haar moed bymekaar skraap om haar aanstaande 'n soen te gee — natuurlik onder groot gelag van die ander.

Net twee van die teruggekeerde spanlede is getroud. Hulle is mnre. Willem van Zyl van Pretoria en Bryan Meyer, van Pinetown.

Hul vrouens en kinders was van die eerstes op die kaai.


Mev. Van Zyl kon eers nie glo dat die baardman haar eggenoot is nie. Bra huiwerig het sy aan die baard gevoel of dit eg is maar alle twyfel was gou uit die weg geruim toe haar man boonop vertel dat hy 'n beker gewen het vir die beste baard van almal.

Mnr. Danie Joubert, leier van die span, vertel dat hulle 'n baie geslaagde ekspedisie agter die rug het. Twee van die manne, mnre. Anton Aucamp en Clive Spencer, het vir nog 'n jaar in Antarktika agtergebly. Dertien van die sestien spanlede het 'n reis na die berge op Antarktika onderneem — die meeste tot dusver.

Nog 'n rekord wat sy span opgestel het, is dat mnre. Brian Watters en Dawie Smith 105 dae met 'n hondespan in die berge deurgebring het.

Saam met ons manne wat gister teruggekeer het, was ook 'n klompie Belge wat navorsingswerk in die suide gedoen het.

**Ag vadertjie tog, kyk net die hare. Mev. Rina van Zyl was skoon verstom oor die boskasie van haar man wat gister na veertien maande in Antarktika weer teruggekeer het. Ook hul negejarige dogter, Ina, het met ontsag haar vader se baard van alle kante beskou, want sy wou maar net nie glo dat dit ek is nie. Met hierdie pragtige baard het mnr. Van Zyl die beker gewen vir die beste baard van al die ysmanne.**



*Soos 'n moderne Wiking lyk mnr. Bryan Meyer, een van die lede van die Suid-Afrikaanse Suidpoolspan wat in die naweek ná 'n jaar „in die ys" in Kaapstad teruggekeer het. Die span is deur mnr. Danie Joubert, Sekretaris van Vervoer, verwelkom.* *(Berig op bl. 9.)*